BOIKANYO SOLAR

K2 NUUSBRIEF

2024

DEELNEMER AAN ONDERNEMINGSONTWIKKELINGSPROGRAM GRADUEER

Ons het die tweede kwartaal van die jaar met 'n Water en Rioolwaterbestuur-gradeplegtigheid afgeskop. Vyf deelnemers wat deel van ons Ondernemingsontwikkelingsprogram vorm, het hierdie program van 10 maande suksesvol voltooi en 'n NKR Vlak 2-kwalifikasie verwerf.

"Hierdie kwalifikasie kan deure vir beide werk en entrepreneursaktiwiteite open." - Lesego Mosiane – Boikanyo GBO.

Die gegradueerdes, Gerald Ruiters, Bangaphi Tshaka, Kedibonye Polao, Carmen Coenraad en Shadrack Leburu, het ongelooflike toewyding en vaardigheid getoon.

"Daar is slegs vyf van ons in die hele Douglas-gemeenskap wat hierdie kwalifikasie het. Ek sal dit persoonlik goed gebruik, wat ek het reeds verskeie besigheidsgeleenthede in my gemeenskap geïdentifiseer wat direk met water en rioolwater verband hou." -Kedibonye Polao, plaaslike KMMO en gegradueerde.

BESTEDING AAN EKONOMIESE ONTWIKKELING - K2: 2024



MOBIELE WETENSKAPPROGRAM FLOREER

Ons mobiele wetenskapprogram hou aan om te floreer. Dit bied leerders praktiese ondervinding in 'n groot verskeidenheid wetenskapvakke.

Tydens hierdie kwartaal was leerders van ses plaaslike skole in graad 4 tot 7 betrokke by eksperimente en ondersoeke soos die ondersoek van pH in vloeistowwe, die maak van waterfilters, die toets van eienskappe van metaal- en nie-metaalvoorwerpe en die konstruksie van 'n brug. Hierdie aktiwiteite het bygedra tot hulle praktiese kwartaalpunte en hulle leerervaring verryk.

Die laerskole wat gebaat het, was onder andere: Vaal Oranje Primêr, Douglas Primêr, Bongani Primêr, Ikageng Primêr, Bucklands Primêr en Vallus Primêr.



KONTAK ONS: ☎ +27 21 670 1400 www.boikanyosolar.co.za lesego.mosiane@eimsafrica.com @BoikanyoCommunity